

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| September 2018 Uitgawe 1

Free Copy

## Let's tour Mzansi



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

ALSO AVAILABLE ON:

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)  
E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353



# Plaaslik is 'lekker' vir oorsese besoekers

Dale Hes

Inwoners van die George-munisipaliteit se townships in die Wes-Kaap sal danksy die *Dine with Locals*-inisiatief aan oorsese toeriste 'n aand bied om te onthou.

Die inisiatief, wat saamval met Toerismememaand, maak gebruik van ses spanne wat uit die townships van Thembaletu en Pacaltsdorp gekies is om gasheer te wees vir oorsese toeriste deur 'n driegang-maaltyd voor te berei en te bedien.

Ter voorbereiding het die spanne opleidingsessies bygewoon waar hulle meer geleer het oor toerisme en spyseniering.

Hulle het vaardighede geleer wat hulle sal help om hul eie ondernemings te begin en



Gaste geniet 'n toets-ete wat deur die Explore our Hood-span in Thembaletu aangebied word as deel van die inisiatief *Dine with Locals*.

te bestuur, met die einddoel om suksesvolle inkomste-verdieners binne die toerismebedryf te word.

Nomzamo Entile (31), wat deel is van die ses spanne, lei die Explore our Hood-span, wat in Thembaletu geleë is. Entile het Explore our Hood begin om 'n gees van samesyn

in George te bevorder.

"Ons het opgemerk dat daar 'n kloof tussen die verskillende gemeenskappe van George bestaan. Ons wil hê mense moet na die townships kom sodat hulle kan sien ons het 'n lewendige Xhosa-kultuur, wat hulle self kan ervaar," het Entile gesê.

In die aanloop tot Toerismememaand het die span reeds twee suksesvolle toetslopies voltooi, waar hulle gasheer was vir besoekers uit die toerismebedryf.

"Ons is gereed en baie opgewonde om gasheer te wees vir oorsese toeriste. Ons hoop dat dit deure sal oopmaak vir ons almal om ervaring op te doen in die toerismebedryf, en dat dit ook sal wys dat Suid-Afrika se townships baie het om vir buitelandse en plaaslike toeriste te bied," het Entile gesê.

George se Toerismebestuurder, Joan Shaw, verduidelik dat die program 'n verskeidenheid van kulture bekend sal stel.

"Ons Dine with a Local-program verteenwoordig die reënboognasie, wat tot vyf verskillende kulturele erva-

rings bied, naamlik isiXhosa, Tshivenda, Khoi, Kaaps-Maleisies en 'n plaaslike Snoeken Patat-seekoservaring, het Shaw gesê.

Na afloop van die aand sal

**"Suid-Afrika se dorpe het baie om buitelandse en plaaslike toeriste te bied."**

die spanne volwaardige besighede word wat dienste aan George se Toerismeburo bied, wat weer op sy beurt die ervarings wat aangebied word sal bemark en besprekings sal hanteer. □

# Branderplanke hou kinders uit die strate

**VIR BAIE MENSE** is dit net 'n sportsoort, maar 'n organisasie in KwaZulu-Natal het dit 'n ontspanningsaktiwiteit vir die jeug gemaak.

Vuyo Ndlovu

Om oor die water te gly, is nie net 'n sport of 'n prettige aktiwiteit vir jongmense wat in Durban se middestad in KwaZulu-Natal woon nie; dit is ook 'n geleentheid om van sosiale euwels te ontsnap.

Surfers Not Street Children is 'n organisasie wat gratis branderplanklesses aan straatkinders en agtergeblewe jeugdiges in die middestad bied.

Die organisasie is 'n direkte poging om haweloese kinders te help en te verseker dat die jeug iets positiefs met hul lewens doen.

Die eThekwi Munisipaliteit het onlangs hierdie organisasie ondersteun deur 10 branderplanke te sken.

Die planke is ontwerp vir ontwikkelingsdoeleindes en is van sponsrubber gemaak



'n Paar van die branderplankryers van Surfers Not Street Children en die KZN-branderplankklub wat branderplanke ontvang het. Die branderplanke sal vir ontwikkelingsdoeleindes gebruik word.

wat beginners help om bo die water te bly.

Die bestuurder van die munisipaliteit se Departement van Sport- en Ontspanningsontwikkeling, Teddi Adams, het gesê hierdie borde sal aspirant-branderplankryers help.

"Die skenking is deel van die munisipaliteit se strategie om sport te ontwikkel en te verseker dat alle jeugdi-

ges, ongeag ras of klas, toegang het tot fasiliteite wat hulle sal help om in hul gekose sportsoort te presteer."

Langelihle Nkosi (16), 'n branderplankryer, bedank die munisipaliteit vir die skenking.

"Ek geniet die branderplanklesses baie, want dit help my om fiks te word en dit is lekker om op die branders te ry." Nkosi moe-

dig ander aspirant-branderplankryers aan om deel te neem en meer oor die sport te leer.

Sandile Mqadi, 'n branderplankafrigter van die Surfers Not Street Children-klub, het gesê die organisa-

sie is daarop gerig om vir kinders branderplankvaardighede te leer as 'n manier om hulle van die strate af te hou.

"Ons bied ons diens aan vir straatkinders, asook jongmense uit voorheen benadeelde gemeenskappe. Ons dienste is gratis en jongmense van vyf tot 23 jaar oud is welkom," het Mqadi gesê.

Hy het bygevoeg dat die branderplanke wat deur die munisipaliteit geskenk is, hul pogings 'n hupstoot sal gee en meer kinders in staat sal stel om by die program aan te sluit.

Die Surfers Not Street Children-klub bied branderplanklesses aan van Maandag tot Vrydag om 08:30 en weer om 13:30. Belangstellendes kan by Surfers Not Street Children se kantoor by Noordstrand regstreer.

Die munisipaliteit het ook 'n bykomende 10 branderplanke aan die KwaZulu-Natale Branderplank-federasie geskenk. □

# Limpopo se Departement van Gesondheid neem borsvoeding na hoër hoogtes

**OM SAAM TE VAL** met die eeufeesviering van Mama Albertina Sisulu, het Limpopo se Departement van Gesondheid 'n borsvoedingskamer vir moeders na haar vernoem.



■ Limpopo se LUR vir Gesondheid, dr Phophi Ramathuba, tydens die bekendstelling saam met moeders wat borsvoed.

## Kanego Lewele en More Matshediso

**B**orsvoeding is optimaal vir kindergesondheidsontwikkeling en voeding van babas, maar die meeste werkende moeders vind dit moeilik om daarvan te gaan want hulle ná kraamverlof moet teruggaan werk toe.

Dit is omdat daar op die meeste werkplekke nie geskikte ruimtes vir nuwe moeders is om hul kinders te borsvoed gedurende werksure nie; hulle word dus ontmoedig om met borsvoeding vol te hou omdat hulle die grootste deel van die dag by die werk is sonder hul babas.

In 'n poging om hierdie uitdaging die hoof te bied, het Limpopo se Departement van Gesondheid die eerste borsvoeding- en uitmelkkamer in sy kantore bekendgestel.

Die borsvoedingskamer is deur die LUR, dr Phophi Ramathuba, van stapel gestuur.

Dit is vernoem na Mama

Albertina Sisulu, wie se eeufeesjaar ook hierdie jaar gevier word.

Daar word gehoop dat die kamer nie net werkende moeders wat borsvoed sal ondersteun nie, maar dat dit ook ander departemente sal aanmoedig om vroue wat in die werkplek borsvoed te ondersteun.

Werknemers by die departement kan ook hul baba-oppassers vra om hul babas na die werkplek te bring sodat hulle hul babas tydens die middagete-pouse kan borsvoed. Die kamer sal ook gebruik word deur moeders wat tydens werksure wil uitmelk.

Een van die departement se werkneemers, Mpho Kutumela, die ma van 'n 11-maande oue tweeling, 'n seun en 'n meisie, is opgewonde oor die fasiliteit.

"Die borsvoedingskamer sal vir ons as moeders nuttig wees, want dit sal ons ook die geleentheid bied om ons borsmelk uit te melk in 'n bevorderlike omgewing," het sy gesê.

Moeders met babas wat die departement om enige rede besoek, sal ook toege-

laat word om die kamer te gebruik om hul kinders te borsvoed.

LUR Ramathuba het gesê die Albertina Sisulu-borsvoedingskamer is die enigste van sy soort in die provinsie.

Die LUR hoop dat hierdie inisiatief sal bydra tot die bevordering en beskerming van eksklusiewe borsvoedingspraktyke met die doel om optimale kindergesondheidsontwikkeling te bereik.

"Borsmelk bevat al die voedingstowwe wat babas nodig het en kan nie kunsmaatig gereproduuseer word nie," het die LUR gesê. ▀

## Voordele van borsvoeding

- **Borsmelk bevat teenliggaampies wat help om jou baba teen virusse en bakterieë te beskerm.**
- **Borsvoeding verminder jou baba se risiko om allergieë te hê.**
- **Babas wat uitsluitlik vir die eerste ses maande geborsvoed word, het laer risiko's van infeksies, respiratoriese siektes en diarree.**

# New health centre for Port Nolloth

## Jauhara Khan

The seaside town of Port Nolloth in the Northern Cape will soon benefit from a full-service community health centre project which promises to enhance access to quality healthcare.

The project is being implemented by the Independent Development Trust (IDT) on behalf of the Northern Cape provincial Department of Health at a cost of about R150 million and is expected to open soon.

Once completed, the building will comprise all primary health facilities including a trauma unit, radiology, dis-

pensary, psychiatric ward, maternity wards and paediatric wards. Consultation rooms will be used for reproductive health services, a psychologist, dietitian and other services once constructed.

Work on site also encompasses the construction of facilities for support services including administration and waiting areas, ambulance quarters and parking bays, overnight accommodation for paediatric mothers, a mortuary, kitchen and dining area, stores and maintenance area.

Port Nolloth, located along the Atlantic Ocean, is one of the most remote areas of South Africa with a population of just over 6 000. It is served by

a small government clinic that offers a community-oriented primary health care programme that monitors and works towards the improved health and well-being of families in that area.

The progress on the project is currently at 70 percent. The contractor has been busy with installation of roofing in some of the buildings as well as internal plastering, painting and external work like paving, lighting and parking areas.

The project has created decent job opportunities. A majority of these jobs were reserved for the local community and a lot of the work on site, such as glass fittings and



■ Construction on a new community health centre in Port Nolloth in the Northern Cape is almost complete. The facility will soon offer the small town greater access to healthcare services.

cladding at the reception and waiting areas, were performed by local sub-contractors.

The IDT is an entity of the National Department of Public

Works and supports all spheres of government with social infrastructure management and programme implementation. ▀